Biekie SKOOL
Reg No. 2012/216670/07

Beste Goedehoop ouers,

Met groot opwinding deel ons u mee dat Japsnoet se bestuur ‘Biekie Skool Middagsorg’ by Laerskool Goedehoop in 2025 gaan open. Ons sien uit om die pad saam met Laerskool Goedehoop en sy ouers te stap.

Wat bied Biekie Skool?

Biekie Skool is meer as net ’n middagsorg. Ons is stewig gevestig in Christelike beginsels en ons wil vir ons leerders ‘n ideale omgewing skep waar hulle kan leer en speel. Hier fokus ons op jou kind se akademie deur te help met huiswerk en ekstra aanvullende werk. Ons bied daagliks liefdevolle en veilige toesig. Vakansiesorg gaan een van ons prioriteite wees, ons program is lekker en opwindend. Goed opgeleide personeel is vir ons belangrik, en ons het reeds ’n dinamiese nuwe span bymekaar vir 2025.

Goeie kommunikasie is noodsaaklik, en daarom is daar daagliks ’n ontvangsdame op die terrein. Ons poog om nie die onderwysers tydens klastyd of terrein diens te pla nie. Personeel sal op ’n latere stadium aan ouers voorgestel word. Biekie Skool het ’n oopdeurbeleid en u kan ons kontak vir vrae, onsekerhede of sommer net gemoedsrus.

Wie is Japsnoet Bestuur?

Ons is drie dinamiese mammas met ’n rugbyspan vol seuntjies. Ons het ’n passie vir die toekoms van ons kinders en so ook ons gemeenskap se kinders. Ons streef daarna om die beste sorg vir u kind te bied.

Hoekom het ons hande gevat met Goedehoop?

As mammas verstaan ons die gewoel van die lewe, op-en-afry tussen buitemuurse aktiwiteite, laat-aande se knipwerk uit die Huisgenoot, weer leer van die ewenaar, klank en leer lees. Ons is hier om dit vir elke mamma en pappa makliker en meer gerieflik te maak. Ons sal daar wees vir jou kind, as die vergadering langer aanhou, en om te help waar ons kan.

Vriendelike groete,

Carolyn, Janike en Jessica

072 319 3092
Stanfordstraat, Laerskool Goedehoop, Secunda
biekieskoolsorg@gmail.com